# Resensie / Review

**BEKKER, S. 1997. Suid-Afrika se eksperiment met kulturele pluralisme.** Universiteit van Stellenbosch Annale 1997/1. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. 16 p. Prys: R7,00. ISBN 07972 0669 8.

**Resensent:** *P.H. Moller*
(Departement Sosiologie, PU vir CHO)

Bekker, 'n deurwinterde en gewaardeerde Suid-Afrikaanse sosioloog, toon onder die volgende opskrifte Suid-Afrika se eksperiment met kulturele pluralisme aan: "Inleiding", "Die omskrywing van die Suid-Afrikaanse uitdaging", "Die Suid-Afrikaanse uitdaging word aangepak", "Grondwetlike kwessies", "Die staat en die burgerlike samelewing – 'n nuwe Suid-Afrikaanse teorie van identiteits-politiek", "Slotsom".

Ter *inleiding* (p. 1-2) van dié monografie wys die outeur onder andere daarop dat die uitdagings vir Suid-Afrika nie alleenlik van 'n materiële en sosiaal-ekonomiese aard is nie, en byvoorbeeld deur armoede, groei, welsyn en ordehandhawing bepaal word nie. So 'n opvatting is onvolledig asook misleidend. Nuwe uitdagings word aan Suid-Afrikaners gestel as gevolg van die toenemende verlies aan soewereiniteit ten gunste van nuwe streeks- en internasionale regerings asook die toename in identiteitspolitiek. Dié twee uitdagings vereis dat demokrasie en kulturele pluralisme (die identiteit van verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika) versoen moet word.

Met gebruikmaking van veral die historiese en histories-vergelykende navorsingsmetode toon Bekker in die tweede gedeelte, "Die omskrywing van die Suid-Afrikaanse uitdaging" (p. 3-5), verskeie en baie bekende historiese momente aan wat aanleiding tot die Suid-Afrikaanse uitdaging gee. In dié konteks fokus hy byvoorbeeld kortliks op die volgende historiese momente: politieke gebeure gedurende die vroeë negentigerjare; die ondemokratiese politieke bedeling vóór die 1994-verkiesing; die imperialistiese inlywing van Suid-Afrika deur Brittanje; die wetlike institusionalisering van apartheid (statutêre rassisme) vanaf 1948; Republiekwording; die anti-apartheidsbeweging; pogings om kulturele diversiteit uit te wis en deur middel van verstedeliking en industrialisasie kulturele homogeniteit te bewerkstellig.

Die derde afdeling, met 'n misleidende opskrif, fokus op "Die Suid-Afrikaanse uitdaging word aangepak" (p. 6). Hierin toon Bekker primêr aan dat Suid-Afrikaners as gevolg van taal- en godsdienspluralisme asook kultuurlogikas kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika ervaar. Hoe dié uitdaging aangepak word, soos in bogenoemde titel aangedui, kom nie in dié afdeling aan die orde nie.

In afdeling vier wat oor "Grondwetlike kwessies" (p. 7-10) handel, beantwoord Bekker die vraag hoe die uitdaging van die versoening van 'n demokratiese regering met kulturele pluralisme deur die nuwe Suid-Afrikaanse staat aangepak kan word. In sy beantwoording van bogenoemde vraag word die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wat deur onderhandeling beslag gekry het, as riglyn geneem en die politieke veranderinge wat dit tot gevolg gehad het, aangetoon. Die oogmerk in Suid-Afrika is onder meer om 'n regering van samewerking en deelnemende besluitneming, asook 'n burgerlike samelewing tot stand te bring.

Die vertolking van kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika word in afdeling vyf onder die opskrif "Die staat en die burgerlike samelewing – 'n nuwe Suid-Afrikaanse teorie van identiteitspolitiek" (p. 11-12) gegee. Bekker toon aan dat die 1996-Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 'n teorie van konstruktiewe identiteitspolitiek bevat. Die identiteite wat beskerming nodig het, is in twee beginsels gewortel: *tradisionalisme* asook *selfbeskikking*.

In afdeling ses, "Slotsom" (p. 13-14), wys Bekker daarop dat dit prematuur is om nou reeds te bepaal in watter mate die teorie van identiteitspolitiek ooreenstem met wat nou in werklikheid in Suid-Afrika plaasvind. Tewens, min empiriese gegewens is beskikbaar oor hoe Suid-Afrikaners gedurende die huidige oorgangstyd hul identiteite ervaar en konstrueer. Vir die outeur skyn die huidige burgerlike samelewing minder verenig te wees as tydens die dae toe aangedring is op bevryding en die aftakeling van onderdukking. Dit wil voorkom asof die regering baie minder wilskrag en paraatheid vertoon om nasionale eenheid te bewerkstellig as wat daar was toe dit sy politieke opponente die stryd aangesê het. Of die implementering van regstellende aksie, waarvan die gevolge omstrede is, die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram asook die regering se makro-ekonomiese strategie dividente sal oplewer, sal die tyd leer.

Bekker huldig die mening dat die eksperiment met kulturele pluralisme voortduur. Identiteite sal steeds gekonstrueerde en primordiale ('n groep waaruit lidmaatskap moeilik opgesê kan word) oorspronge toon. Rasbewustheid sal voortduur en die staat sal wisselvallige resultate behaal in sy pogings om nasionale uitdagings die hoof te bied. Hy meld onder andere nie of en hoe etniese stratifikasie, etnosentrisme, vooroordeel en diskriminasie, etikettering asook stigmatisering eweneens in die Nuwe Suid-Afrika sal voortduur en wat daaraan gedoen kan word nie.

Vir Bekker is die rol van die Konstitusionele Hof en die regbank van kardinale belang in die toepassing van Suid-Afrika se nuwe teorie van identiteitspolitiek. Die uitdaging om Suid-Afrika as 'n nasionale eenheid onder die Grondwet te verenig, is sowel sosiaal-ekonomies as kultureel van aard.

Binne die perke van 'n monografie is die idees, uitgangspunte en die standpunte wat Bekker binne historiese kontekste oor die problematiek van kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika stel, weldeurdag. Insgelyks verbreed hy die perspektief oor bogenoemde problematiek. Synde 'n sosioloog kon Bekker egter meer eksplisiet van verskeie sosiologiese invalshoeke gebruik gemaak het om die implikasies van kulturele pluralisme aan te toon. Indien hy bogenoemde gedoen het, kon hy ook dié probleem en vraagstuk meer verhelderend omskryf, ontleed, geïnterpreteer en verklaar het. Daarvolgens sou hy insgelyks ook substantiewe voorstelle vir oplossings oor die akkommodasie van etniese groepe en die kultuurverskeidenheid in Suid-Afrika kon aanbied. Vanuit verskeie sosiologiese perspektiewe kon die vraag na hoe integrasie en nasiebou in 'n multi-etniese Suid-Afrika moontlik is, byvoorbeeld indringender deur Bekker aan die orde gestel gewees het. Indien hy dít sou gedoen het, kon hy ook die problematiek van sosiale en strukturele pluralisme in Suid-Afrika in skerper fokus geplaas het.

Dié monografie is lesenswaardig vir diegene wat worstel met die problematiek en akkommodasie van etniese groepe en die kultuurverskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing.